**WAT MAAK ONS DAN NOU MET AL DIE VERSKILLE ?**

**'n Kerkordelike antwoord vanuit die Skrif (1 Kor.12-14) oor die vrou-in-die-amp saak**

## Inleidend

Die Woord wys nie net *duidelik* uit dat dit God se wil is dat slegs manne in die besondere ampte kan dien nie, maar wys ook die *duidelike* 'pastoraal-kerkordelike' weg om hierdie kontensieuse saak 'prakties' te kan hanteer.

Wanneer Paulus in 1 Kor.14:34-35 (in ooreenstemming met 1 Tim.2:11,12) die vrou beveel om nie – in die woorde van die huidige debat - in die besondere ampte te dien nie ( hier raak dit in die besondere die regeerdiens van die ouderlinge, maar die kerkordelike implikasie geld vir alle besondere ampte, sien verstaansmoontlikheid 1, van GTV boek oor die vrou in die ampte) - dan is dit baie belangrik om die 'kerkordelik-kerkregtelike' konteks raak te sien waarbinne hierdie opdrag gegee word (beklemtonings bygevoeg):

> "[32] En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; [33] **want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges**. [34] Julle vroue moet in die gemeente**s** swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. [35] Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek. [36] **Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?** [37] As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, **bevele van die Here is**. [38] Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly. [39] Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie**. [40] Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan."**

### Skrifuitleg

*Eerstens*, In 1 Kor.12-14 gaan dit oor die verskeidenheid van geestelike gawes, waarvoor Paulus, onder inspirasie van die Gees, 'bevele van die Here' gee (v.37), wat die uitoefening van hierdie gawes reël *sodat* dit 'welvoeglik en ordelik' geskied (v.40).

*Tweedens*, Paulus wys daarop dat die 'bevele van die Here' wat hy nou vir hul gee, vir '*al* die gemeentes' (v.33) geld. Dit geld vir almal wat een of ander "psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging' doen (v.26)," in '*al* die gemeentes'. As *al* die gemeentes nie saam 'die bevel van die Here' volg in hul eredienste nie, dan lei dit tot 'wanorde' en '(on)vrede' (v.33), en sal buitestaanders dink die gemeente is 'kranksinnig'(v..23).

*Derdens*, deel van Paulus se 'bevele van die Here', is sy opdrag dat die vrou in die gemeente sal swyg (ongeag haar besondere gawes), en dat sy onderdanig sal wees, "soos die wet ook sê" (hier verwys Paulus terug na die skeppingsordening van Gen.1 en 2; soos hy doen in 1 Tim.2:13 en in Ef.5:31). As die vrou hierdie bevele nie nakom nie, dan gaan dit wanorde, onvrede, onwelvoeglikheid en onordelikheid veroorsaak in die gemeente (v.33, 40 ... soos nou reeds gesien kon word in die hantering van die saak in die huidige sinode, en gaan dit beteken God is 'n 'God van wanorde' (v.33).

*Vierdens*,hierdie wanorde en onordelikheid – wanneer die vrou iets doen of toegelaat word om te doen wat teen die wet (Woord) is (v.34c) - raak dan nie *net* die plaaslike gemeente (wat dit toelaat) nie, maar "*al* die gemeentes van die heiliges" (v.33; sien die meervoud 'gemeente<u>s</u>', v.34). As die 'onkundiges en ongelowiges' (v.23,24) dan (om 'n denkbeeldige maar heel moontlike voorbeeld te gebruik), in die eerste eeuse 'kerke' sou inloop, en bv. by die gemeentes Tessalonika en Efese word die vrou nie toegelaat om 'predikant, ouderling of diaken' te wees nie, maar in Korinte en Thiatire gemeentes wel, dan sal hul dink dat alles in hierdie eerste eeuse 'kerkverband' onordelik en onwelvoeglik geskied. En, daarom juis al die onvrede in die kerke, en hul konklusie sal wees: hierdie God van hierdie gemeentes is 'n 'God van wanorde' (d.w.s. sy *Ja* is nie *Ja* nie, en sy *Nee* is nie *Nee* nie, contra 2 Kor.1:18).

*Vyfdens*, Paulus wys daarom dit af dat die gemeentes maar 'self kan besluit' wat die 'bevele van die Here' is (volgens hul plaaslike 'behoeftes') en oor hoe sy bevele stigtelik moet geskied aangaande 'die spreek in tale'. So *ook* oor of die vrou mag regeer en leer (en oor die algemeen in enige besondere

ampte), sien vers 35: “*Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?”* Al die gemeentes van die ‘kerkverband’ (soos dit die geval was met Hand.15 se besluite), moet ook hierdie ‘bevele van die Here’ oor die vrou “om onderdanig te wees” onderhou (v.34), anders eindig dit in onvrede, onwelvoeglikheid en onordelikheid onder die kerke. Ook uit ‘n missionêre-evangelie verkondigende perspektief (v.23,24), lei die evangelie van Christus dan skade, indien elke gemeente maar self besluit ‘of die vrouens in die ampte gaan dien of nie”. Lidmate word verwar oor wat nou die ware erediens is of nie, en wat die Here beveel het vir sy kerke, of nie.

**Toepassing**
Sinode 2009 het besluit om weer terug te val na Sinode 2003 se besluit, wat op die volgende neerkom:

> “In gemeentes waar dit met vrede en tot opbou kan gebeur, kan lidmate wat andersins kwalifiseer, ongeag geslag, tot die diens van diaken geroep en daarin bevestig word” (Rapport Studiedepate se implikasie van ‘verstaanswyse 2’, Agenda 2009, p.307)

Dus, gemeentes kan nou weer self volgens hul eie omstandighede besluit om vroue in van die besondere ampte aan te stel of nie.

Dit is, op grond van bogenoemde Skrifuitleg van 1 Kor.14, in stryd met:
a. die ‘bevele van die Here’ (v.37) en sy wet (v.34c; sien ook 1 Tim.2:11,12); asóók,
b. die pastoraal-kerkordelik-missiologiese weg wat die Here deur sy Gees deur Paulus hier aandui volgens verse 33,36 en 40, wat moet geld vir ‘*al* die gemeentes van die heiliges’ (v.33).

**Implikasies**
Ons kerke, met die sinode se aanvaarding van Randvaal se beswaarskrif ten gunste vir diakonesse, is nou in stryd is met die ‘bevele van die Here’, en in stryd met dit wat “*al* die gemeentes van die heiliges” bely (by implikasie *ook* die “heilige algemene Christelike kerk” van 2000 jaar se belydenis dat geen vroue in die besondere ampte mag dien nie), deur:

a. die vrou tot die besondere ampte toelaat, en
b. elke gemeente die ‘vryheid’ te gee om eiewillig en onordelik self te besluit om vrouens in die besondere ampte te bevestig of nie.

Ons kerkverband se antwoord is dan, met so ‘n ongehoorsame daad, op Paulus se (Geesvervulde sarkastiese) vraag in vers 36 (“*Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?”*) met ‘n opstandige ‘JA’ … terwyl die Here (nog altyd) ‘NEE’ sê, 'nee' vir hulle wat 'n jerobeam eiewillige diens volg in die ampskwessie, deur mense aan te stel in ‘n besonder amp wat Hy nie beveel het nie:

"*Hy het ook tempels van die hoogtes gebou en priesters **aangestel** uit al die dele van die volk wat **nie** uit die seuns van Levi was nie." - 1 Kon.12:31*

**"***Kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die HERE, wat hulle eie tong gebruik en sê: Die HERE spreek! " - Jer.23:31*

Met so ‘n daad, verwerp ons kerkverband dan nie net die ‘bevele van die Here’ nie, maar gaan ons met so ‘n daad bely teenoor die wêreld: God is ‘n God van *wan*orde … Hy weerspreek Homself. Vir een gemeente sê Hy dit is sonde om vroue in die besondere ampte te bevestig … en vir ‘n ander dit is sonde om nie vrouens in die amp te bevestig nie !

En wanorde is om ‘n ander weg in te slaan as die weg van die Here, dit is rebellie, openlike opstand, oortreding en uitdaging van die enigste Koning van die Kerk, Jesus Christus se gesag (die Griekse woorde vir ‘wanorde’, *akatastasia*, volgens die woordeboeke, beteken rebellie, om in openlike opstand te wees teen gesag, met die doel om die gesag om ver te werp en af te skud).

En die gevolge gaan dan wees, in ons kerkverband en vir ons nageslag: nog *meer* onvrede, onwelvoeglikheid en onordelikheid.

**Konklusie**
*Alleen* in die weg van "die bevele van die Here" deur sy Gees, kan daar weer vrede, welvoeglikheid en orde in ons kerke en kerkverband kom. Dit is die skriftuurlike én kerkordelike weg wat ons moet bewandel.

Daar kan geen ware kerkreg, kerkorde, kerkregering wees *sonder* die Koning van die Kerk se bevele, deur sy Woord deur sy Gees, nie.

"Ú *het u* bevele *gegee om dit trou te onderhou. … o HERE, ek verlang na u heil, en u wet is my verlustiging."* – Psalm 119:4,174

*"Vrede is daar, enkel vrede,*
*en dit daal in die gemoed*
*van wie U* bevele *liefhet,*
*vrede sonder teëspoed*"
(Ps.119:59b, berymd)